LES 2: GEMAAK DEUR GOD

Dawid het God geprys oor hoe wonderlik God hom gemaak het (Aanbiddingsles)

Veewagter

Kerngedagte: God het my WOW gemaak

Kernvers: Psalm 139:14
Ek wil vir U dankie sê, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse(WOW) gemaak (Parafrase)

Hulpmiddels:
- A3 kartonne
- Buitelyn van gesig agter op elke karton geteken
- Gom
- Koevertjie met verskillende gesigsdele by elke A3 plakkaat.
- Gesigdele bestaan uit: Ore, Oë, neus, mond
- Bylaag vel met gesig dele op
- Dun plakkaat met die woord "WOW" op wat oor die woorde "op 'n wonderbaarlike wyse" kan pas

Liedjies:
Soekie (God is Groot): Van my kroontjie tot my toontjie
Soekie (Lekka live): Ek behoort aan Jesus Christus
Doen dit my lyfie
Touch a finger (Whoopah Wahey): Doug Harley

Ysbreker:
Begin met spesiale groet. Met hierdie groet gaan die kinders hulle hele lyf gebruik om mekaar te groet.
Staan twee twee bymekaar. Draai na mekaar toe en begin elke keer met die regterkant en dan die linkerkant:
Regter voet, teen regter voet, dan linker voet teen linker voet
Regter knie, teen regter knie, dan linker knie teen linker knie
Regter heup, teen regter heup, dan linker heup teen linker heup
Regter elmboog, teen regter elmboog, dan linker elmboog teen linker elmboog
Spring dan in die lug en klap 'n vyfster klap met albei hande gelyk terwyl jy skree: JA!

Herhaal die groet 'n paar maal terwyl jy die kinders maats laat ruil na elke groet sessie. Jy kan selfs dat die kinders kompetisie hou om te kyk wie die vinnigste kan groet sonder om iets uit te laat.

Inleiding Speletjie:
"As jy my kan hoor raak aan.....
Neus
Oor
Kop
Elmboog
Knie
Kinders moet raak aan die dele wat jy noem en jy moet hulle probeer uitvang. Jy raak ook aan die dele wat jy noem. Om hulle uit te vang kan jy sê: "Raak aan jou toon", maar dan raak jy aan jou neus. Kinders wat dan aan hulle neus raak word dan uitgevang. Speel die speletjie 'n paar keer.

Aktiwiteit:
Deel kinders in 8 groepe
Deel aan elke groep 'n plakkaat uit met die buitelyn van 'n mannetjie se gesig agterop en ook 'n koevert met gesig parte in (Prente op volgende bladsy).
Aan die ander kant is jou memoriseervers. Kinders hoef dit nie te sien nie. Deel die woorde van die vers soos volg op om op die plakkate te pas.

Psalm 139:14	**Ek wil**	**vir U**	**Dankie sê**
want u het my		**op 'n wonderbaarlike**	
wyse gemaak		**Psalm 139:14**	

Die kinders kry nou die kans om hulle mannetjies te versier en die gesigparte binne die buitelyn gesig te plak.

Indien hul klaar versier het, neem die plakate in en plak die vers teen die muur. Prentjie na agter. Maak seker groepe kyk nog nie na mekaar se prente nie.

Les:
God het elkeen van ons op 'n unieke en Wow manier gemaak. Nie een van ons lyk dieselfde nie. Net soos wat julle nou kans gehad het om julle eie mannetjies te maak wat ook nie een dieselfde lyk nie, maar ons sal nou vir mekaar kans gee om te sien hoe lyk julle mannetjies.

Dawid het besef dat God hom wonderlik gemaak het. Hy het besef dat God baie tyd spandeer het aan hom, om hom presies te maak soos wat hy is. Daarom het hy die lied Psalm 139 geskryf. Hy wou vir God dankie sê dat God hom so spesiaal gemaak het.

Wys vir die kinders waar in die Bybel is 1 en 2 Samuel. Wys vir hulle hoe dik is daar-die deeltjie in die Bybel. Samuel gaan oor Dawid se lewe. Wys nou vir hulle Psalms en vertel hulle dat baie van die Psalms wat in die Psalmboek is, lofprysings is wat Dawid aan God gesing het.

Lees Psalm 139:13-18 (Uit die Bybel vir Almal)
13 "Ja, dit is U wat my gemaak het, 'n mens wat kan voel en dink. U het my hele liggaam gemaak voordat ek gebore is.
14 Ek wil vir U dankie sê, want ek word bang wanneer ek sien hoe wonderlik U my gemaak het. Alles wat U doen, is wonderlik, ek weet dit baie goed.
15 U het geweet van elke been in my liggaam toe U my gemaak het waar niemand dit gesien het nie, toe U my gemaak het in die liggaam van my ma.
16 U het my gesien voordat ek gebore is, ek was nog nie een dag oud nie, toe het U klaar in U boek geskryf hoe lank ek sal lewe.
17 O God, die dinge waaraan U dink, is vir my moeilik, ek kan dit nie verstaan nie, en U dink aan so baie dinge.
18 As ek dit alles probeer tel, dan is dit meer as die sand, en wanneer ek geslaap het en wakker word, dan dink ek nog aan U."

Geheuevers:

Verwys na vers wat opgeplak is. Laat die kinders dit saam met jou lees.

Verduidelik woorde wat dalk moeilik kan wees vir die kinders. Terwyl jy besig is met die verduideliking kan jy die woorde, "op 'n wonderbaarlike wyse" nou toeplak met die plakkaat met die woord WOW op.
WOW beteken dat iets so goed of mooi is dat daar nie eintlik genoeg woorde is om dit te beskryf nie.

Laat die kinders weer vers herhaal deur hulle tonge vas te hou....

Na elke herhaling mag hulle een plakkaat kies om om te draai sodat hulle die ander groep se prent kan sien en so word die vers se woorde weggevat.

Herhaal vers deur die volgende te doen:
Normaal lees.....
Een beentjie staan.....
Ander ou se oor saggies trek om hom te herinner om mooi te luister.....
Hou tong vas terwyl vers herhaal.....
Swaai arms (maak seker jy het spasie om jou).....
Trek 'n snaakse gesig.....
Draai in die rondte.....
Skree hom lekker hard uit dat almal kan hoor.....

Onthou om dit heeltyd deur te trek om die kinders te herinner dat God het my wow gemaak.

Gebed:

ABC Gebed – Sê vir God dankie vir alles wat Hy WOW gemaak het.

Eerste kind moet dankie sê vir iets wat God met 'n A gemaak het, dan moet die volgende kind dankie sê vir iets wat met 'n B gemaak is, volgende kind C. Dit kan Engels of Afrikaans wees. Bv. God dankie vir Ape, God dankie vir Bokke, God dankie vir Cats.....

Hou in gedagte dat dit nie 'n stil gewyde gebed gaan wees nie. Die kinders moet lag en dit geniet om dankie te sê. Hulle hoef ook nie hulle oë toe te maak met die gebed nie. Dit is 'n spesiale dankie sê gebed.

Aktiwiteit:

Trek een kind se lyf op 'n groot papier af. Kinders kan dan die prent inkleur en goed byteken op die plakkaat waarvoor hulle vir God kan dankie sê.
Dit kan weer in hulle kleiner groepies gedoen word.

Sluit af met die speletjie waarmee begin is of met die spesiale groet



Groep aktiwiteit Les 2:

Sit buitelyne van gesigte agterop plakkate
(moet vergroot word)
Vergroot gesigparte, knip gesig parte uit en
laat elke groep hul eie mannetjie bou.